## BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 13 AUGUSTUS 2024 OM 09:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

## TEENWOORDIG:

### LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

### ANDER RAADSLEDE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) *(virtueel ingeskakel)* |
| Rdh. AJ du Plooy | [DA] | : | Voorsitter van MPAC (Artikel 79) |

### AMPTENARE

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. AW Rheeder | : | Bestuurder Menslike Hulpbrondienste *(waarnemende Direkteur Korporatiewe Dienste)* |
| Mnr. PW Erasmus | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mev. A Lawrence | : | Hoof: Behuisingsadministrasie *(waarnemende Direkteur Gemeenskapsdienste)* |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. M Mseleni | : | Interne Ouditeur |
| Mev. V Willems | : | Klerk: Komitee Dienste |

***

**AKSIE**

**BKN001/08/2024**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal by die vergadering, waarna Raadsheer Du Plooy die vergadering open met gebed.

Die Voorsitter deel 'n dagstuk uit John Maxwell se Daaglikse Wysheid vir Leiers.

***

**BKN002/08/2024**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Direkteur Korporatiewe Dienste - afwesig met verskoning (siekverlof)
Direkteur Gemeenskapsdienste - SALGA Werksgroep in Kaapstad

Die Uitvoerende Burgemeester doen 'n beroep op Direksie dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee- en Raadsvergaderings voorkeur moet geniet en moet ander vergaderings sovêr moontlik nie gereël word wanneer die bogenoemde vergaderings plaasvind nie.

***DIREKSIE***

***

**BKN003/08/2024**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

Die Uitvoerende Burgemeester meld dat Raadslid Moolman namens hom die verwelkoming gaan doen vir die bejaardes by die "Age-in-Action" samekoms in Velddrif.

***

**BKN004/08/2024**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN005/08/2024**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN006/08/2024**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN007/08/2024**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

The Municipal Manager reports that the case regarding the alleged fraud and theft (prepaid electricity system), which is currently on the Register of Irregularities, will appear for in court today, Tuesday 13 August 2024.

**NOTED**

***

**BKN008/08/2024**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:

- Hy wens vir Porterville Happy Hearts Rugbyklub geluk met hul oorwinning teen Saron Rugbyklub in hul derby-wedstryd op Saterdag 10 Augustus 2024. Hy versoek dat Raadsheer Du Plooy namens die Uitvoerende Burgemeesterskomitee hul gelukwensing oordra;
- Hy bedank vir almal wat ondersteuning gebied het tydens die suksesvolle Stap en Trap inisiatief. Hy meld dat die bewusmakingsfokus op gestremde mense was en dat donasies gemaak gaan word aan die organisasies vir gestremde mense in die Bergrivier Munisipale area. Hy bedank ook almal wat fondse bewillig het vir die Stap en Trap inisiatief;
- Hy meld dat skootrekenaars tydens die Stap en Trap inisiatief aan verskeie skole in die Bergrivier Munisipale area oorhandig is wat as deel van LoTYDE inisiatief;
- Hy bedank Raadslid Daniels vir die skenking van 'n koffiemasjien aan Nuhoop Primêre Skool; en
- Dat die Vrouedag goed afgeloop het en dat die Wes-Kaapse Minister van Maatskaplike Ontwikkeling, mnr. Jaco Londt, die verrigtinge bygewoon het. Hy bedank almal wat die Vrouedag en afsluiting van die Stap en Trap inisiatief bygewoon het.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededeling:

- Sy verwelkom die Uitvoerende Burgemeester en die Stap en Trap span terug in Piketberg, waarna sy hul bedank vir die suksesvolle inisiatief.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN009/08/2024**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN010/08/2024**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN011/08/2024**
**PROCUREMENT PLAN, KAPITAALSPANDERING EN SDBIP**
**9/1/2**

Die Direkteur Finansiële Dienste gee kortliks terugvoer rakende die spandering soos per 2024/25 Procurement Plan vanaf 01 Julie 2024 tot huidiglik.

Op navraag van die Uitvoerende Burgemeester rakende die finale syfers vir die spandering van die 2023/24 finansiële jaar meld die Direkteur Finansiële Dienste en Munisipale Bestuurder dat die Konsep Finansiële Jaarstate vir 2023/24 teen Maandag 19 Augustus 2024 aan die PRAC-lede asook Uitvoerende Burgemeesterskomiteelede versprei sal word.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN012/08/2024**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: POTENTIAL FUNDING OPPORTUNITIES FOR CAPITAL PROJECTS**
**5/1/1**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste lei die item breedvoerig in. Addisionele inligting word gelewer deur die Munisipale Bestuurder.

Uiteenlopende vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat daar kolomme aangebring moet word om aan te dui of die projekte opgeneem is in die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en/of dit 'n nuwe projek is, asook of die projekte in-lyn is met die SDF en/of daar 'n projekplan is of deel vorm van 'n Meesterplan.

**RESOLVED**

1. That the Executive Mayoral Committee takes note that the item is subject to the availability of the funding;
2. That the Executive Mayoral Committee takes note of the procurement process;
3. That the Executive Mayoral Committee takes note of the draft list of prioritised capital projects for further discussion at the strategic session of the Executive Mayoral Committee on Friday 16 August 2024; and
4. That the additional columns as requested be included by the manager: Strategic Services.

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**BKN013/08/2024**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: BERGRIVIER BETTER TOGETHER GAMES: 27 SEPTEMBER 2024**
**17/7/1**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**RESOLVED**

1. That the Executive Mayoral Committee of Bergrivier Municipality approves the hosting of the Bergrivier Better Together Games, to be held on Friday, 27 September 2024 at Smit Park Sports Grounds in Velddrif;

2. That the employees participating in the games must complete an entry form and submit it on or before Friday, 23 August 2024;
3. That each Director will be provided with a final list of their staff who have confirmed their attendance;
4. That the Bergrivier Better Together Games 2024 be regarded as a compulsory work event and that all staff, besides personnel identified as essential staff and those manning the cashier points, are obliged to attend. Written notice with a valid reason for non-attendance must be sent to the Municipal Manager on or before 30 August 2024;
5. That the staff who applied for and were granted permission by the Municipal Manager not to attend the Bergrivier Better Together Games 2024 must attend work as per normal, and their Director must ensure that they sign the attendance register in full (signing in and out). Only the cashiers in all the towns will be open as well as the traffic offices (counters). The rest will participate as much as possible in the Better Together Games;
6. That all Directors will have until Friday, 30 August 2024 to consider their list and grant approval based on operational requirements. (That Directors make as many people as possible available to participate in the Better Together Games and that personnel on standby be deployed as far as possible from the sports grounds when extremely necessary and urgent);
7. That all full-time employees and staff on fixed-term contracts are eligible to participate in the upcoming Better Together Games, including interns and temporary workers who have worked at the Municipality for six (6) months or longer. We regret no EPWP or casual workers; and
8. That all municipal offices be closed on Friday, 27 September 2024, except for cashiers and traffic offices.

***

**BKN014/08/2024**
**<u>QUARTERLY AND MONTHLY BUDGET STATEMENT: JUNE 2024</u>**
**5/1/1**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**<u>RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL</u>**

That Council take note of the Quarterly and Monthly Budget Statement and supporting documentation for June 2024.

***

**BKN015/08/2024**
**<u>SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORT FOR JUNE 2024</u>**
**5/1/1**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

Die Uitvoerende Burgemeester spreek sy kommer uit rakende die kontrak van Contour Technology wat op 30 Junie 2024 verval het en dat daar geen kontrak in plek is nie en versoek dat gevolgebestuur toegepas moet word.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL</u>**

That Council take note of the June 2024 Supply Chain Management Implementation Report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Local Government: Municipal Systems Act. (Act no 32 of 2000).

***

**BKN016/08/2024**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE FINANSIËLE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: DINSDAG 06 AUGUSTUS 2024**
**5/1/1**

Geen

***

**BKN017/08/2024**
**TOESTEMMING OM KONSOLIDASIE VAN ERWE 24, 25 EN 960, PIKETBERG VIR TOEKOMS AANBOUING VAN MUNISIPALE KANTORE/STRUKTURE**
**PB.24; PB.25 & PB.960**

Die Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur lei die item kortliks in.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die voltooiingsdatum van die nuwe kantoorgeboue (voorlopig November 2025).

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat toestemming aan Departement Stadsbeplanning & Omgewingsbestuur verleen word om voort te gaan met die prosesse om konsolidasie van Erwe 24, 45 en 960, in terme van Bergrivier Munisipaliteit: Verordening op Munisipale Grondgebruiksbeplanning asook die nodige opmeting en registrasie prosesse.

***

**BKN018/08/2024**
**NOTIFICATION OF THE BERGRIVIER MUNICIPALITY ENVIRONMENTAL MANAGEMENT FRAMEWORK (EMF) PROCESS**
**15/1/5/21**

Die Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur lei die item kortliks in.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die vordering van Stywelyne Strandoord se erosieproses.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council take note of the report and the process flow for the development of the Bergrivier Municipal Environmental Management Framework that will take place during 2024/2025 and 2025/2026 Municipal financial years.

***

**BKN019/08/2024**
**DISCIPLINARY POLICY & PROCEDURE**
**4/7/3**

Die waarnemende Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item kortliks in.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**RESOLVED**

That the Executive Mayoral Committee approves the Disciplinary Policy & Procedure.

***

**BKN020/08/2024**
**CARETAKERS QUARTERS LOCATED ON INDUSTRIAL ZONED PROPERTIES**
**15/3/9**

Die Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur lei die item breedvoerig in.

Die Uitvoerende Burgemeester lig die onderstaande kwessies uit:

- Dat 'n gesprek gefasiliteer word met die Boubeheer afdeling met spesifieke verwysing na die volledige proses wat gevolg word deur die onderskeie Boubeheerbeamptes om onwettige bouwerke en strukture aan te spreek en stop te sit voordat 'n regsproses begin;
- Dat skriftelike terugvoer rakende die Mbabane-geval in Piketberg nog nie aan hom gegee is soos deur hom versoek is nie;
- Dat 'n hokkie (informele struktuur) opgesit is teen 'n huis in Velddrif en aangemeld is, maar geen aksie is geneem nie;
- Dat die "Whitehouse" in Velddrif die nodige aandag moet kry;
- Dat die aangeduide "no building plan" en "no approved building plans" in die item die nodige aandag moet geniet; en
- Dat daar gelet word dat die kleedkamers by Smit Park Sportgronde in Velddrif nie 'n goedgekeurde bouplan het nie.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

Dat bogenoemde kwessies na die Tegniese Dienste Komiteevergadering, soos geskeduleer vir Donderdag 05 September 2024, verwys word vir verdere bespreking.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (05/09/2024)***

***

**BKN021/08/2024**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: DINSDAG 06 AUGUSTUS 2024**
**9/1/2**

Geen

***

***(Die Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur verlaat die vergadering om 10:13)***

**BKN022/08/2024**
**BEHUISING TOEKENNINGSBELEID**
**17/5/B**

Die Uitvoerende Onderburgemeester lei die item kortliks in.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat die waarnemende Direkteur Gemeenskapsdienste 'n uiteensetting gee by die Raadsvergadering rakende

die riglyne vanaf Nasionale en Provinsiale regering oor die voorkeur vir sestig (60) jarige en ouer met betrekking tot die topstrukture.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad die Behuising Toekenningsbeleid oorweeg en goedkeur.

***

**BKN023/08/2024**
**TOEKENNING EN VERHURING VAN OPGEGRADEERDE HUISE TE SANDSTRAAT, PIKETBERG**
**17/5/1**

Die Uitvoerende Onderburgemeester lei die item kortliks in.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Op navraag van die Uitvoerende Burgemeester rakende Erf 1834 gee die waarnemende Direkteur Gemeenskapsdienste kortliks terugvoer rakende die ondersoek wat gedoen is en die persoonlike inligting wat dit bevat. Die Munisipale Bestuurder versoek dat Erf 1834 na die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomitee, soos geskeduleer vir Dinsdag 27 Augustus 2024, verwys word en In-Komitee hanteer word.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. **ERF 1832 – SANDSTRAAT, PIKETBERG**
   Dat bogemelde huis aan Me. Katrina Petro verhuur word teen R100.00 per maand en na die onderverdeling aan haar oorgedra word deur middel van ‘n subsidie by die Departement van Infrastruktuur;

2. **ERF 1878 – SANDSTRAAT, PIKETBERG**
   Dat bogemelde huis aan Mnr. Klaas. en Me. Gertruida Mentoor verhuur word teen R100.00 per maand en na die onderverdeling aan hulle oorgedra word deur middel van ‘n subsidie by die Departement van Infrastruktuur; en

3. **ERF 1886 – SANDSTRAAT, PIKETBERG**
   Dat bogemelde huis aan Me. Sarah Smit, verhuur word, teen R100.00 per maand en na die onderverdeling aan haar oorgedra word deur middel van ‘n subsidie by die Departement van Infrastruktuur;

4. **ERF 1834 – SANDSTRAAT, PIKETBERG**
   Dat Erf 1834 in-komitee by die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomitee, soos geskeduleer vir Dinsdag 27 Augustus 2024, hanteer sal word ten einde die sensitiewe/persoonlike inligting rakende die aangeleentheid te beskerm.

***WAARNEMENDE DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**BKN024/08/2024**
**FEASIBILITY STUDY: BERGRIVIER RESORTS**
**17/7/4/1**
***(Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei)***

Die Uitvoerende Onderburgemeester lei die item kortliks in.

Uiteenlopende vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die beste opsie vir die Stywelyne en Dwarskersbos Strandoorde (privatisering, verhuring of vervreemding).

**BESLUIT**

1. Dat die item verwys word na die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomitee soos geskeduleer vir Dinsdag 27 Augustus 2024 vir oorweging en bespreking;

   ***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE (waarnemende)***

2. Dat die waarnemende Direkteur Gemeenskapsdienste die nuutste 99 jaar kontrakte wat aangegaan is in terme van Stywelyne en Dwarskersbos Strandoorde met die Munisipale Bestuurder deurwerk;

   ***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE (waarnemende)***

3. Dat die Munisipale Bestuurder en Direkteur Finansiële Dienste, in samewerking van die waarnemende Direkteur Gemeenskapsdienste, die item verfyn en insette en kommentaar lewer en insluit by die item; en

   ***MUNISIPALE BESTUURDER, DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE & DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE (waarnemende)***

4. Dat die Bestuurder: Administrasie en Regsondersteuningsdienste insette en kommentaar lewer rakende die regsaspek van die verslag.

   ***BESTUURDER: ADMINISTRASIE EN REGSONDERSTEUNINGS-DIENSTE***

***

**BKN025/08/2024**
**<u>APPROVAL OF AMENDED CEMETRIES AND CREMATORIA BY-LAW</u>**
**16/7/B**

Die Uitvoerende Onderburgemeester lei die item kortliks in.

Uiteenlopende vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die verfraaiing van die begraafplase in die Bergrivier Munisipale area.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat die Gemeenskapsdienste direktoraat die moontlikheid ondersoek om uitlegplanne (wat bome insluit) vir die onderskeie begraafplase in die Bergrivier Munisipale area te ontwikkel, asook om die moontlikheid te ondersoek om 'n krematorium in die Bergrivier Munisipale area te laat vestig.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

1. That the Cemetries and Crematoria By-law attached hereto as Annexure A be approved; and
2. That the Cemetries and Crematoria By-law be prepared and submitted for promulgation in the relevant provincial gazette.

***

**BKN026/08/2024**
**<u>TOWARDS THE DEVELOPMENT OF A 10 YEAR HOUSING PIPELINE FOR BERGRIVIER MUNICIPALITY</u>**
**17/5/1**

Die Uitvoerende Onderburgemeester lei die item breedvoerig in.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die verslag "Towards the Development of a 10 Year Housing Pipeline for Bergrivier Municipality."

***

**BKN027/08/2024**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEEVERGADERING: WOENSDAG 07 AUGUSTUS 2024**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN028/08/2024**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSKOMITEEVERGADERING: WOENSDAG 07 AUGUSTUS 2024**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN029/08/2024**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN030/08/2024**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:33***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE
NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

____________________________ __________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***